

---

## Mei 2016

### Wêreldekonomie

Daar is sterk aanduidings dat die VS se rentekoerse in Junie/Julie verhoog sal word. Die VS S&P 500 Indeks het tot 2099 gestyg, net onder sy hoogste syfer van 2134 in Mei 2015. Dit kom vreemd voor in die lig van die pessimistiese beskouing van beleggers wat op hoë kontantvlakke sit, soos aangedui deur die BofA Merrill Lynch opname van wêreldwye fondsbestuurders. Die Dow Jones Euro Stoxx 50 Indeks van Europa se 50 grootste aandele bly -19,6% onder sy hoogtepunt van verlede April en -43% laer as sy absolute hoogtepunt van Maart 2000. Die dollar het versterk in afwagting van nog 'n rentekoersverhoging in Junie of Julie. Metaalpryse het van 'n hoogtepunt 'n maand gelede geval, goud -6,8%, platinum -10% en ystererts -28%. Die olieprys het verbeter en meer as \$50 'n vat behaal. In die Eurosone verwag ontleders dat deflasyonêre druk sal begin afneem vanweë die styging in oliepryse die afgelope paar maande.

### SA Ekonomie

Suid-Afrika se jaarlikse verbruikersprysinflasie in April 2016 was 6,2% volgens Statistieke Suid-Afrika. SA het volgens die SAID 'n handelsruil van R430m in April aangeteken. Die JSE se indeks van alle aandele se totale opbrengs (ALSI, dividende ingesluit) was einde Mei by 'n absolute hoogtepunt. Die ALSI 40 indeks het +17% vanaf die Januarie laagtepunt gelewer. Die JSE banke se totale opbrengsindeks was terselfdertyd -21% af vanaf April 2015 se hoogste syfer. Die groot nywerheidsrandskanse, Naspers, SAB Miller en British American Tobacco het 'n rekordhoogtepunt bereik. Hoewel die JSE hulpbronindeks vanaf 20 Januarie +46% op is, is die vierde grootste aandeel op die JSE, BHP Billiton, steeds -48% laer as sy 2014-hoogtepunt, en aandele soos MTN, Sasol en Richemont, ook in die top-10, is ver weg van hul hoogtepunte. Die SA rand was die slegste presterende ontluikendemark-geldeenheid teen die VS-dollar in Mei, deels as gevolg van die onsekerheid oor die graderingsuitslag en 'n moontlike VS-rentekoersverhoging.

### Hoekom is bostaande belangrik?

- 'n Afgradering is waarskynlik in die mark geprys indien ons na die banksektor en geldeenheiddepresiasie kyk.
- Die JSE se indeks van alle aandele en die Top-40-indeks word deur 'n paar randskansmaatskappye gedryf, indien ons na die prestasie van die hoofbydraers kyk, d.i. Naspers.
- Buitelandse blootstelling verskans teen 'n afgradering, geldeenheiddepresiasie en politieke risiko/onsekerheid met moontlike bykomende risiko, d.i. MTN (regulerend), Richemont (tegnologie, Euroland) en BHP Billiton (rampeise).

- Kommoditeite is onbestendig en bied geleenthede met gepaardgaande risiko's, d.i. olie.
- 'n Korrelasie bestaan tussen die JSE ALSI en VS-aandelemerk.
- Inflasie dui aan watter nywerhede fyn dopgehou moet word, d.i. verbruikersprodukte.

### **Portefeuljebeskouing**

- In tye van onsekerheid en onbestendige markte, soos wat ons tans ervaar, is ons fokus meer op die risiko-kant vergeleke met opbrengste.
- Dit is ons verantwoordelikheid om te verseker dat portefeuljes op so 'n manier gestruktureer word dat kliënte so veilig as moontlik is.
- Ons verwag dat gedurende die huidige sakesiklus opbrengste gedemp sal wees, vergeleke met die oorfloed die afgelope vyf jaar.
- Indien markte ons toelaat, sal ons begin om groter risiko's te neem.
- Kapitaalbewaring bly egter steeds die voorkeuroogmerk.

*"What we learn from history is that people don't learn from history"*  
**Warren Buffett**

**RvD de Kock**

**PJ de Jongh**